**MPO AANWYSER 11/7 September 2020**

**AGRI INSPEC LOODS ONDERSOEK NA LAAGGEPRYSDE AFGEROOMDE MELKPOEIER UIT EUROPA**

Die ongewone, aansienlike toename in ingevoerde afgeroomde melkpoeier (AMP) uit Europa het vroeg in 2020 reeds Agri Inspec se aandag getrek en wye navrae tot gevolg gehad. Die vry-aan-boord (VAB)-prysvlakke het verdag voorgekom en voortdurende navrae daaroor het nie lig op die saak gewerp nie.

Die SARS-invoerstatistiek vir Julie 2020 het aangedui dat die probleem besig is om te eskaleer en daar is in samewerking met die MPO besluit om 'n amptelike klag by die betrokke ambassades in te dien. Die uitgangspunt is dat die verklaarde pryse nie strook met internasionale pryse nie en dat dit nie moontlik is om AMP teen die lae pryse te vervaardig nie. Terselfdertyd het Agri Inspec ook die Departement van Handel en Nywerheid genader om hulle bewus te maak van die aangeleentheid en vir insette gevra.

Die volgende tabel vergelyk die pryse maand tot maand, en ook met die internasionale prys. Die lande van oorsprong is tipies Frankryk, België en Swede.

**Tabel 1:** Tariefpos 04021090 – afgeroomde melkpoeier

| Maand | Gemid. prys (VAB) R/kg | % verandering | Internasionale prys R/kg | Wisselkoers R/€ |
|---|---|---|---|---|
| April | 49,79 | | 46,20 | 20,20 |
| Mei | 52,04 | +0,50 | 45,73 | 19,76 |
| Junie | 57,87 | +11,20 | 45,14 | 19,29 |
| Julie | 40,68 | -29,70 | 46,04 | 19,23 |

Die gemiddelde produsenteprys vir onverwerkte melk in die Europese Unie (EU) in Julie was R5,96. Ongeveer 10 ℓ melk is nodig om 1 kg AMP te vervaardig. In die voorafgaande maande was die EU-produsenteprys R5,50 en hoër. Dit beteken dat net die melkkomponent se koste reeds R55,00 beloop. Daar is wel graadverskille in die produk en bottervet word ook in die proses geproduseer, maar dit regverdig steeds nie die lae Julie-prys nie.

Agri Inspec verken en monitor die suiwelhandelsomgewing voortdurend en is op hoogte van verwikkelinge in die mark. Vordering in hierdie sake sal gerapporteer word, maar dis nodig om in gedagte te hou dat ambassades en die meeste staatsdepartemente met die minimum personeel werk.

**Bertus van Heerden, bestuurder Agri Inspec**